Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS NET MY BESTE

18 Augustus 2023 Uitgawe: 5/3/2023

## UIT DIE KANTOOR

Tans heers daar 'n opgewondenheid by die skool. Ek weet nie of dit die verandering in weer, volgende week se toetse, Saterdag se groot hokkiedag of die komende konsert is nie. Almal het egter nuwe energie. Mag ons dit op die regte manier aanwend sodat ons almal saam die vrugte daarvan kan geniet.

Buiten die hokkieligas en kultuuroptredes van die kore, Pom-poms en Ritmegroep, vertrek ons tennisspanne ook volgende week op 'n tennistoer na Cradock. So 'n toer deur Tjokkies het jare gelede laas plaasgevind. Die spelers oefen reeds die hele jaar lank en is baie opgewonde dat hulle ook die geleentheid kry om buite Bloemfontein te gaan deelneem. Ons opregte dank aan Bloemfontein Motors, Medikliniek Bloemfontein, McDonalds en Meditas Spar wat hierdie spelers se tennisdrag geborg het. Ons wens hierdie spelers net HUL BESTE toe.

Soos reeds genoem, is dit Saterdag ons jaarlikse hokkiedag wat by die Universiteit.

Baie dankie aan die ouers wat aangedui het dat hul behulpsaam sal wees met die voorbereiding van voedsel, asook met verkope. Dit is lekker om te weet dat julle ook bereid is om die ekstra myl vir Tjokkies te stap.

**Fotodag:**
Die neem van sport- en kultuurfoto's is op die kalender geskeduleer vir 6 en 7 September. Dit is twee baie ontwrigtende dae waar bykans geen akademie en konsertoefening moontlik sal wees nie. As gevolg van bogenoemde is besluit om die datum vir die neem van hierdie foto's te verskuif na die laaste week van die kwartaal wanneer die konsert afgehandel is. Hou asb. karri dop vir wanneer betalings open vir die bestel van hierdie foto's.


## ANDER

Tjokkies verwelkom graag Mev. Hannelie du Randt as aflosonderwyser by Tjokkies. Sy sal die pos van Mev. Dorette Smith, wat bedank het, tydelik vul tot die nuwe adjunkhoof van die skool aangestel is. Baie dankie Mev. Du Randt dat u op kort kennisgewing bereid is om ons gr.7-leerders verder te kom leer om Engels te praat. Ons vertrou dat u tydjie by Tjokkies baie aangenaam sal wees.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 19 Aug.: | Tjokkie Hokkiefestival (UV) |
| | Nautilus 3 |
| 21 Aug.: | Toetsweek begin (Gr. 4-7) |
| | Tennisliga (dogters) |
| | Beheerliggaamvergadering |
| | o/12 & o/13 Hokkieliga vs JF |
| 22 Aug. | Vrystaat o/13 7's Rugbyproewe |
| 23-26 Aug.: | Tennistoer na Cradock |
| 25 Aug.: | PD Voorslagkamp (Gr.7 Voortrekker) |
| 25-26 Aug.: | o/13 - 7's Rugbytoernooi (L/S Bloem) |

# VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 20 Aug.: | Juf. Nicole Stötter (Sotho) |
| | Mev. Liezl Boshoff (Administratief) |
| 23 Aug.: | Juf. Lianza Grobler (Gr. 3) |
| | Juf. Celetia le Grange (Gr. 6) |
| | Mnr. Johannes Kriel (Voorsitter van die Beheerliggaam) |

## VCSV = TiC




## MNR. GUNTER GEE TERUGVOER

**Toetsweek:**

Die toetsweek vir ons Gr. 4-7 leerders begin Maandag. Navrae rondom die buitemuurs en huiswerk gedurende hierdie tyd is ontvang. Ons besef dit plaas ekstra druk op leerders en ouers. Opdrag is aan die personeel gegee om gedurende die toetsweek nie huiswerk te gee nie, sodat kinders kan leer vir hul toetse. Die buitemuurse program gaan wel gedurende ons toetsweke voort, soos uiteengesit in die akademiese beleid. Ongelukkig is die kwartaalprogram wat die buitemuurs betref so uitgewerk en moet skole ongelukkig daarby inval. Help asb. u kind om sy/haar program so te beplan dat daar steeds tyd vir akademie gemaak word.

## KLEUTERSKOOL



## KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres: kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**

Hierdie naweek is die groot Tjokkie Hokkiedag by die Universiteit en die Kaalvoetkafee sal ook daar wees. Ons herinner ons kinders dat hulle Kaalvoetkafeekoopkaarte ook welkom gaan wees by ons stalletjie. Kyk dus uit vir ons borde en kom besoek ons gerus. Na die lang, koue winter sien die Kaalvoetkafeepersoneel regtig uit na Lentedag en ons gaan die 1ste September luidkeels injuig. Met lekker musiek, 'n spookasemmasjien, draairoomys en nog 5% afslag op ALLES in die snoepie, gaan dit 'n baie lekker dag wees! Spaar jou sakgeldjie solank en kom maak 'n draai by die Kaalvoetkafee om die somer se koms te vier! Teen hierdie tyd het almal reeds hulle kossakkie en/of beker ontvang wat via Karri bestel is. Hierdie items sal ook te koop wees by die kafee self vir die wat die geleentheid gemis het.

## #TJOKKIESHOP

**#Tjokkieshop sal vir die res van die kwartaal tydens die volgende tye oop wees:**

| | |
|---|---|
| **Maandae:** | 12h30 – 14h00 |
| **Woensdae:** | 07h30 – 08h30 |
| **Vrydae:** | 12h30 – 14h00 |


Beskikbaar by:
Tjokkies (Swembad hek)
OPTIMUM
HOUT
STREEPSAK
Almal
Kan
Regte
Hout
Aankoop
KaggelHOUT
R55
R85
BraaiHOUT


BLOEMFONTEIN
MOTORS
OPSOEK NA IETS SPESIFIEK?
>> Kom ons gesels <<
150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein | www.bloemfonteinmotors.co.za | 082 446 2174


BLOEMFONTEIN- LANGENHOVEN PARK
RELIABLE, AFFORDABLE AND QUICK AUTO SERVICES
Get Your Car Running Like New with Our Auto Services!
We understand that your car is an essential part of your life. That's why we offer professional auto services to keep your vehicle running smoothly and safely.
Our Services Include
Oil changes
Brake inspections and repairs
Tire rotations and replacements
Engine diagnostics
Battery checks and replacements
Transmission repairs
Tonie Correia - 082 5775 042
OR
George Oosthuizen - 083 6722 942
We collect your vehicle at home, place of work, or where you specify AND deliver it back




**Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre**
Visit us at 89 Oliver Tambo Street, Bloemfontein / Call us on (051) 448-3571

**Service Centre Manager:** Leonard Grimsdell (079 104 5994 / leonard.grimsdell@autopedigree.co.za)
**Service Advisor:** Ruan Rossouw (066 245 6640 / ruan.rossouw@autopedigree.co.za)
**Trading Hours:** Monday to Friday (7am - 5pm), Saturday (8am - 12pm)

T&Cs Apply on Specials and Promotions

miwa
Proud Association of RMI

AUTO PEDIGREE
You deserve a great deal!
SERVICE CENTRE

